NOTULE VAN DIE 16DE GEWONE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN WES-TRANSVAAL IN SITTING BY DIE TUISTE VAN DIE SINODE TE NG KERK HELIKONPARK IN RANDFONTEIN OP 15 OKTOBER 2014 OM 9:00

SESSIE 1

1. OPENINGLITURGIE:
Ds Irma Nel verwelkom al die afgevaardigdes. Die vergadering sing die volgende liedere:
Flam 34
Lied 464
Vonkk 92
Lied 509
Abba Vader

Ds Norma Rossouw lees uit 1 Korintiërs 13. Ons vier die seisoene van ons bediening. Sy lees 'n gedig van Neels Jackson voor waarna sy die openingsliturgie met gebed afsluit.

VIERING VAN AANTAL JARE IN BEDIENING 1: Somertyd (11-25 Jaar)

Die betrokke Predikante kniel en die vergadering sing hulle toe: Lied 562: *"Waar daar liefde is"*
Ds Norma Rossouw lees al die name van die Predikante (11-25 jaar in die bediening).

2. KONSTITUERING (Art 33)
Die PSD ds. Nico van Rensburg neem die konstituering waar. Daar is **268** afgevaardigdes teenwoordig. Presensielys aangeheg as **BYLAAG A**. Die vergadering word wettig gekonstitueerd verklaar. (Art 33.1)

3. SITTINGSTYE VAN DIE SINODE
Ds Norma Rossouw vra goedkeuring vir die Sittingstye. **GOEDGEKEUR**.
Elke tafel wys 'n bode aan om die nodige dokumente te versamel soos nodig.

4. VERKIESING VAN AFGEVAARDIGES TOT ALGEMENE SINODE 2015
Hannes de Kock hou aan die vergadering voor wat die Kerkorde bepaal [Bepaling 38 (bladsy 35)].
(*Ds Willie van der Merwe vra die vraag of daar nie slegs 4 lede op die Dagbestuur moet wees nie. Ds Nico van Rensburg antwoord hom dat dit wel uit 6 lede moet bestaan.)*

Stembrief No. 1- Uit elkeen van die 4 streke streek word een predikant afgevaardig na die Algemene Sinode (Op stembrief No. 1 word 'n predikant genomineer).
Stembrief No. 2 – Kerkraadslede per Ring word op stembrief no. 2 genomineer.

5. DIE SINODALE FONDSE KOMMISSIE
Ds Johan Brink hanteer die Verslag
Die volgende punte word hanteer
5.1. Lede waaruit die fondse kommissie bestaan **KENNIS GENEEM**
5.2. Spesiale woord van dank vanaf die fondse kopmmissie **KENNIS GENEEM**
5.3. Beleid **KENNIS GENEEM**
5.4. Finansiële STAND VAN DIE SINODE **KENNIS GENEEM**
5.. Uitdagings **KENNIS GENEEM**
5.6. Begroting 2014-2015. **BEKRAGTIG DIE GOEDKEURING DEUR DIE SBK**
5.7. Optrede na aanleiding van sbk besluite oor opnames in die sinode. **KENNIS GENEEM**
5.8. Punteberekening deur die sinodale fondse kommissie. **KENNIS GENEEM**
5.9. Beskrywingspunt van die ring van potchefstroom
5.9.1 **AANBEVELINGS**:
5.9.1.1 Dat die Sinode nie die beskrywingspunt van die Ring van Potchefstroom goedkeur nie. **GOEDGEKEUR**
5.9.1.2 Dat die Sinode die optrede van die SFK goedkeur en hulle opdrag gee om al die poste te evalueer en die Sinode dan met 'n aanbeveling te dien. **GOEDGEKEUR**

5.10. Vrae oor subsidie aan emeriti. **KENNIS GENEEM**

5.11. Gemeentes wat weier om hulle sinodale aanslag te betaal.

5.11.1 Die SFK het vir die Sinodale Regskommissie gevra om insette te gee vir wyses van optrede teen gemeentes wat nie hulle aanslag betaal nie en by die volgende vergadering van die Sinode aanbevelings te maak.

5.11.2 AANBEVELINGS.

Dat die Sinode die optrede van die SFK goedkeur. **GOEDGEKEUR**

5.12. Holfontein kampterrein

Die SFK vra toestemming vir die verkoop van HOLFONTEIN KAMPTERREIN.

5.12.1 AANBEVELINGS.

Dat die Sinode die optrede van die SFK goedkeur. **GOEDGEKEUR**

6.VERSLAG VAN DIE SBK

Ds. Norma Rossouw hanteer die Verslag. **KENNIS GENEEM**

PERSONEEL: Coenraad van Staden verlaat die vergadering met verskoning.

7. BYLAAG B:

Christelike godsdiens in die skole

Dit word verwys na die Algemene sinode en die ASM **GOEDGEKEUR**

8. BYLAAG C:

Verslag van die Kuratorium van die NG Kerk in Pretoria April 2014

Dr. P.R du Toit hanteer die Verslag **KENNIS GENEEM**

9. BYLAAG D:

Missionale Ekklesiologie: Kantaantekeninge

Verslag is gehanteer deur Dr. Andries Kritzinger **KENNIS GENEEM**

VERGADERING VERDAAG OM 11:25 VIR TEE

VERGADERING HERVAT WEER OM 12:00

SESSIE 2

As deel van die lofprysing sing die vergadering: "*Liefde bring verandering"*

VIERING VAN AANTAL JARE IN BEDIENING 2: - Herfs (25 en meer)

Ds Johan Brink hanteer die vieringsgeleentheid asook die wydingsgeleentheid:
Paulus se Herfstyd – 1 Timoteus 6.
Johan Brink lees die name van predikante wat 25 en meer jare in die bediening is, waarna die vergadering Lied 514 "*Ek weet verseker", sing*

Die Vergadering gaan oor tot stemming per geslote stembriewe vir die Afgevaardigdes na die Algemene Sinode 2015

10. VERSLAG VAN VOORGESTELDE WYSIGING VAN ARTIKEL1 VAN DIE KERKORDE

Ds Nico van Rensburg gee enkele riglyne waarna hy die voorstel voorhou.

VOORSTEL

Aanbeveling:

Die Sinode van die NG Kerk in Wes-Transvaal neem graag op die volgende voorwaardes, soos reeds deur hierdie sinode sedert 1998 vasgestel, die aanbeveling van die Algemene Sinode insake 'n nuwe Artikel 1 ter tafel.

Die Sinode en haar gemeentes wil hulself ondubbelsinnig uitspreek oor die opname van die belydenis van Belhar in die NG Kerk se Belydenis. 'n Bykomende geslote stemming oor die status van Belhar deur Kerkrade word aanbeveel.

Die sinode en haar gemeentes onderskryf die ruim-huis beginsel oor meer as net die Belydenis van Belhar sodat ons sonder twis mekaar kan bly vashou al verskil ons.

Die sinode wil eintlik die hele proses in die lig van die ruim-huis beginsel waaruit ons leef dus sonder moontlike stryd aanpak.

Intussen versiek die sinode van Wes-Transvaal die ASM om te begin met ‘n dinamiese proses om ons NG Kerk familie te laat deel in die ruim-huis beginsel soos vervat in die voorgestelde nuwe Artikel 1 van die Kerkorde.

Die sinode neem met dank kennis dat die Algemene Sinode reeds beskrywingspunte van wes-Transvaal aanvaar het rondom:

Geen sonsondergangs klousule ten opsigte van Belhar nie.

Geen gedwonge ondertekening van enige lidmaat of amp nie.

Ruimte vir eie sinodes en ringe naas ‘n moontlike organiese kerkeenheid.

VOORSTELLER: Ds NWJ van Rensburg
SEKONDANT: Ds F Hansen

ORDEMOSIE:
Die orde voorstel word gemaak dat voorstel 7 nie ter tafel geneem moet word nie met die amendement dat die voorstel moet oorstaan tot die buitengewone Sinode Sitting van 2015. Die vergadering stem op stembrief 4.
VOORSTELLER: Dr Gert Cordier
SEKONDANT: Ds Henk Gous **GOEDGEKEUR**

Voorgereg word bedien

PERSONEEL: Henning Mostert, Mindalore, verlaat die vergadering met verskoning (13:00).

11. VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE
Dr Hannes de Kock hanteer die Verslag

11.1 VIR GOEDKEURING DEUR DIE SINODE OP SY SITTING 15 OKTOBER 2014:
11.1.1. Algemene Opmerkings
11.1.2 Indeling in terme van formaat is meer verbruikersvriendelik gemaak.
11.1.3 Naas die Kerkorde Artikels en Bepalings is Reglemente en voorbeelde van Vorms vir gebruik in die kerk agter ingebind.
11.1.4 Die woord “leraars” is deur Kerkorde van die Nederduits-Gereformeerde Kerk 2013 vervang met “*bedienaar (s) van die Woord*” en is dus ook so verander in Kerkorde Wes-Transvaal 2014.
GOEDGEKEUR

11.2. Opmerkings en veranderinge aangaande Artikels en Bepalings
11.2.1‘n Nuwe Artikel 2 is toegevoeg tot die Kerkorde van die Nederduits-Gereformeerde Kerk 2013 wat die numering van Artikels 2 tot 8 verander. Vanaf Artikel 9 is numering soos in vorige Kerkordes.
GOEDGEKEUR
11.2.2 Sien by Artikel 10 ‘n byvoeging wat lees: “*Besluite by Artikel 10 vergelyk Beleid, Funksionele Besluite en Riglyne punt 27 Kerklike Lidmaatskap*”. **GOEDGEKEUR**
11.2.3 Sien by Artikel 12 ‘n nuwe verwysing wat lees: “*Besluite by Artikel 12 vergelyk Reglement 17*”
GOEDGEKEUR
11.2.4 Bepaling 14.2 - skrap *“(VAL versekering)”* **GOEDGEKEUR**
11.2.5 Die opmerking onder by Artikel 14 is geskrap: *“Let op Sinodale Besluite aangaande subsidiëring van pensioenarisse se mediesefonds bydrae”.* **GOEDGEKEUR**
11.2.6 Artikel 22 se Bepaling 22 in Kerkorde Wes-Transvaal (2007) is vervat in Artikel 22 van Kerkorde van die Nederduits-Gereformeerde Kerk 2013 onder punte 22.2; 22.2.1 en 22.2.2
GOEDGEKEUR
11.2.7 Bepaling 22.3 *“as daar appèl na die meerdere vergadering aangeteken word.”* word geskrap.
GOEDGEKEUR
11.2.8 By Bepaling 34 is ‘n nuwe byvoeging gemaak in bepaling 34.4.8 wat lees: *“Die Dagbestuur van die SBK hanteer alle dringende administratiewe sake met verslag aan die SBK”.* **GOEDGEKEUR**

11.2.9 Bepaling 34.5 is ‘n nuwe byvoeging en lees: *“Na aanleiding van Reglement 12.2.3.2 word besware teen die benoeming of benoemde vir diens aan die kerkverband skriftelik aan die SBK gerig en deur die SBK én Sinodale Regskommissie hanteer”.* **GOEDGEKEUR**
11.2.10 By Bepaling 35.5.3.3 is die opmerking geskrap wat lees: *“(onder andere tugsake en geskille wat óf direk óf by wyse van appèl voor die Sinode moet kom)”.* **GOEDGEKEUR**
11.2.11 By Bepaling 35.6 wat handel oor Komitees, Kommissies, werkgroepe en fokuspunte van die SBK is die volgende veranderinge by Bepaling 35.6.5 tot 35.6.6 en 35.6.8-35.6.11 aangebring: Die leier van elke kommissie word “*aangewys deur die sinode*” in plaas van “aangewys deur die Stratkom uit een van die Streke”. Verder word een lid “*uit elke Streek*” aangewys in plaas van een lid “uit elke van die ander Streke”. **GOEDGEKEUR**
11.2.12 In Bepaling 35.8 is die vereiste aanpassings aangebring oor hoe die verteenwoordiging van die sinode by die Bybelgenootskap geskied: *“Vir die Bybelgenootskap word vier lede, waarvan twee nie bedienaars van die Woord is nie, aangewys. Twee uit elke streek van die Bybelgenootskap.”* **GOEDGEKEUR**
11.2.13 Bepaling 35.10 wat handel oor die kommissie vir kommissies is in geheel ‘n nuwe Bepaling: “*Die Kommissie vir Kommissies. Die kommissie bestaan uit die ondervoorsitter en skriba van die sinode wat, in oorleg met kommissievoorsitters en streekleiers van die termyn verstryk, uit die databasis van vrywilligersdie nodige aanbevelings aan die sinode maak.”* **GOEDGEKEUR**
11.2.14 By Bepaling 50.3.3 is volgende geskrap: *“Hulle antwoord nie weer op die vrae in die Formulier vir die Openbare Belydenis van Geloof nie.”* Die volgende is egter bygevoeg: *“Die vraag rondom “kerklike opsig en tug” moet wel gevra word.”* **GOEDGEKEUR**
11.2.15 By Bepaling 50 is Bepalings 50.5.1 en 50.5.2 in geheel geskrap omdat die sinode nie meer met ‘n Jeugkommissie funksioneer nie. **GOEDGEKEUR**

11.3. Opmerkings oor in die ingebruikneming van hierdie Kerkorde van Wes-Transvaal
11.3.1 Die Kerkorde Artikels en Reglemente wat net so oorgeneem is vanuit die Kerkorde van die Nederduits-Gereformeerde Kerk 2013 is reeds inwerking sedert die publikasie daarvan.(Beleid, Funksionele Besluite en Riglyne punt 15.2) **GOEDGEKEUR**
11.3.2 Die wysiginge wat deur die Sinode van Wes-Transvaal op 15 Oktober 2014 goedgekeur word, tree inwerking met die publikasie van die Handelinge van die Sinode tensy die Sinode anders besluit. (Beleid, Funksionele Besluite en Riglyne punt 15.1) **GOEDGEKEUR**

11.4 Opmerkings oor die voorgestelde Kerkorde van Wes-Transvaal
Voorstel dat die twee verslae wat ontvang is na die SRK verwys word vir oorweging en moontlike deurstuur na die ASR vir verdere studie en aanbevelings aan die Algemene Sinode van 2015. **GOEDGEKEUR**

11.5 VOORSTEL VIR ’N BYVOEGING TOT DIE KERKORDE
11.5.1 By 35.6.4.5 Fondse vir Sinodale werk word deur gemeentes voorsien. **GOEDGEKEUR**
11.5.2 By 35.6.4.6 Die formule vir die berekening van die fondse vir die bydrae van Sinodale koste moet so vas gestel word dat die bates en behoeftes van die gemeente in ag geneem word. Sinodes se gemeentes wat saamkom en besluit om sekere take saam uit te voer, daarom moet die gemeentes die nodige fondse verwerf waaroor hulle self besluit het. Met ander woorde sinodale werk is niks anders as gemeentelike of Ringswerk wat ringe en gemeentes saam doen nie. Daarom is sinodale bydraes steeds ons eie werk en moet nooit gesien word as iets wat van bo af afgedwing word nie. **GOEDGEKEUR**

VOORSTEL 5
1. Leraars en kerkrade wat probleme ervaar met mekaar moet vinniger as wat tans gebeur werk maak van die situasie. **GOEDGEKEUR**
2. Ringe moet daadwerklik optree om die probleem op te los deur die partye bymekaar te bring, desnoods met die hulp van lidmate met regservaring of lede van die regskommissie met die vaardighede om probleemoplossend en versoenend te werk te gaan voordat sake tot op die vlak van die howe vorder. **GOEDGEKEUR**

VOORSTELLER: D W Kruger
SEKONDANT: J J Pelser

Tafelgebed word deur ds Gerhard Janse van Rensburg gedoen.

12. VERSLAG VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SBK
Dr Hannes de Kock hanteer die verslag **KENNIS GENEEM**

12.1 AANBEVELINGS

Die Sinode
12.1.1. Neem kennis van die Algemene Sinode se besluit van Oktober 2013. **GOEDGEKEUR**.

12.1.2. Neem kennis van die ASM se Kommunikasie aan sinodes oor die prosesse tov die wysiging van Artikel 1 (vergelyk punt 2 van hierdie verslag) sonder die bylaes wat daarin vermeld word. Hierdie bylaes verwerk vir Wes-Transvaal is in hierdie verslag aangeheg. **GOEDGEKEUR**

12.1.3. Neem die voorgestelde Artikel 1 van die Kerkorde amptelik in ontvangs en besluit om dit eers aan kerkrade en gemeentes vir besluitneming voor te lê, waarna 'n Buitengewone Sinodesitting gehou sal word op 07 Mei 2015 en dié vergadering 'n eie besluit(e)sal neem. **GOEDGEKEUR**

VOORSTEL 3
Wysiging van artikel 1 van die kerkorde

Die proses moet kerkordelik korrek wees.
Die proses moet geloofwaardig wees.

Skrywe van die ASM 4 Junie bladsy 26 punt 4.5.2 "Alles moontlik moet gedoen word om die nadraai van uitgerekte apelle en regsaksies te voorkom."

Sien ook bladsy 29 punt 8.

KERKORDELIKE PROBLEME
Verteenwoordigers van die Ring by Kerkraadsvergaderings. ASM p p 25 punt 4.26 word deur al die dokumente keer op keer herhaal. Die konsulent kan een van die twee verteenwoordigers wees.

Die kerkraad is n geslote vergadering Bepaling 25.1.2

Volgens artikel 31 van die kerkorde het die Ring nie so n opdrag nie. Net n kerkraad self kan besluit wie tot sy vergadering toegelaat moet word. Geen opdrag of voorskrif kan vanaf Algemene Sinode ASM, Sinode of Ring kom nie.

Die pligte van hierdie twee verteenwoordigers is onder andere die volgende: Gemeentevergadering teenwoordig stemming in hulle teenwoordigheid stemme getel in hul teenwoordigheid. Finale uitslag Kerkraad en Gemeentevergadering deur hulle voltooi.

Die konsulent kan nie een van die twee wees nie. Konsulent se pligte duidelik in Wes Transvaal se bepalinge gegee. Konsulent tree tydens n vakature in gemeente op en by langdurige afwesigheid van leraar.

GELOOFWAARDIG PROBLEME
Die kerkraad is n mondige vergadering (artikel 26). Die Kerkraad hanteer die gemeentelike sake volgens Bepaling 26. Die twee verteenwoordigers van die Ring is vreem in die kerkreg. Vrae wat ontstaan.

1. Kerkraad nie bevoeg om stemme reg te tel nie? (In elk geval doen die kerkraad dit by byna al sy vergaderings – sonder toesig?
2. Supervisie – toesig deur persone van buite is vreemd – word kerkrade nie vertrou nie?
3. Kerkraad kan sy eie telling nie sertifiseer nie.
4. Twee verteenwoordigers moet by wees waar stemme getel word.

VOORSTEL
Die sinode verwys die probleme soos aan die sinode uitgewys na die sinodale regskommissie om dringend daaraan aandag te gee. Die regskommissie hanteer die aangeleentheid met inagneming van die tydroosters vir kerkraad en gemeente stemming.

Die sinodale regskommissie lewer verslag aan die SBK in sitting. Die sinode gee opdrag aan die SBK om die aangeleentheid af te handel.

VOORSTELLER: J v W du Plessis
SEKONDANT: WJ van der Merwe **GOEDGEKEUR Per g**eslote stemming

Vergadering gaan oor tot stemming vir Kerkraadslede vanuit elke Ring

12.1.4. Gee die voorstel vir die Prosedure vir stemming oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde van die NG Kerk in Wes-Transvaalse Sinode en die Bylaes deur aan kerkrade en ringe met die versoek dat elke kerkraad en ring deeglik kennis sal neem van die volledige inhoud van die prosedure en alle bylaes en in ooreenstemming met die Kerkorde en met inagneming van plaaslike omstandighede, uitvoering sal gee aan die voorgestelde prosesse; **GOEDGEKEUR**

Die vergadering verdaag om 14:40 vir middag-ete

Verrigtinge hervat weer om 15:05

SESSIE 3

PERSONEEL: Martin Nel, Middelvlei, verlaat die vergadering met verskoning (14:40)

PERSONEEL: Conraad, Wolmaranstad, verlaat die vergadering met verskoning (15:00)

Die middagsessie hervat met lofprysing en Lied 200 word gesing

PERSONEEL: Braam Smith, NG Witpoortjie verlaat die vergadering met verskoning (15:12).

VIERING VAN AANTAL JARE IN BEDIENING 3: - WINTER (35 jaar en meer)
Ds Andries Kritzinger lei die viering aan die hand van Romeine 5 se perspektief op die doopgebeure waarna die name van die predikante wat 35 jaar en langer in die bediening is, uitgelees word. Die vergadering sing hulle lied 290 toe.

12.1.5. Versoek kerkrade om in die hantering van die voorgestelde Artikel 1, die deurgee van inligting en die daaropvolgende besluitnemingsprosesse, sorg te dra dat hierdie proses inklusief, gebalanseerd en vry van dwang sal verloop; eerlik en openhartig; in 'n gees van onderlinge liefde, respek en vertroue. **GOEDGEKEUR**

12.1.6. Versoek ringe om so ver dit moontlik is, toe te sien dat in alle ringsgemeentes hierdié waardes toegepas sal word, wat onder andere beteken dat inligting nie eensydig deurgegee word nie, maar volledig sodat alle kerkrade en lidmate van gemeentes behoorlike deurdagte en ingeligte besluite kan neem; **NA DIE SBK VERWYS**

12.1.7. Versoek kerkrade en ringe om toe te sien dat alle lidmate van die gemeentes geleentheid kry om aan hierdie stemming deel te neem. Dit beteken dat daar moeite gedoen sal word oor Lidmaatskap van lidmate by gemeentes en dat kerkrade nie eensydig kan besluit om nie aan die prosesse deel te neem nie. **GOEDGEKEUR**

12.1.8. Versoek kerkrade en ringe om nougeset toe te sien dat die prosesse kerkordelik korrek hanteer word aan die hand van Reglement 24 en Artikel 44 van die Kerkorde van die NG kerk 2013 en die Prosedure vir stemming oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde van die NG Kerk in Wes-Transvaal se Sinode en bylaes wat gebaseer is op Reglement 24 soos vervat in hierdie verslag. **OORGESTAAN**

12.1.9. Beveel aan dat vir die stemming van lidmate, daar eerder gebruik gemaak word van die voorgestelde stembriewe en nie elektroniese stemming nie. **GOEDGEKEUR**

12.1.10. Stel die volgende tydsraamwerk vas:

12.1.10.1. 15 Oktober 2014 Sinodesitting waartydens hierdie verslag dien.

12.1.10.2. November 2014 Algemene toeligting en voorbereiding in ringe. Dit kan onder andere insluit: Vergadering van alle Ringskommissies saam met die SBK; beskikbaarstelling van inligtingsmateriaal; inligtingsbyeenkomste in Gemeentes (ook
vroeg in 2015); dorpe/stede; streke; ringe ens. Terselfdertyd word ringe ingelig en toegerus vir hulle rol om te sorg dat die proses kerkordelik korrek verloop, deur plaaslike omstandighede in ag te neem, verteenwoordigers aan te wys om die proses in elke gemeente te monitor, vergader- en stemdatums

te koördineer indien van gemeentevergaderings gebruik gemaak word en vas te stel en terugvoer uit gemeentes/kerkrade te bestuur. ’n Skriftelike verslag oor die vordering hiervan in elke ring, word aan die dagbestuur van die SBK voor einde November 2014 voorgelê.

12.1.10.3. Eerste kwartaal 14 Januarie – 18 Maart 2015 (9 weke):
Stemming deur kerkrade en lidmate van gemeentes.
Dit behels die volgende:

- die hou van ’n amptelike kerkraadsvergadering (gewone óf buitengewone vergadering in ooreenstemming met die Kerkorde 2014) waartydens kerkrade die Voorgestelde wysiging van die Artikel 1 van die Kerkorde amptelik in ontvangs neem en besluit oor ’n tydsraamwerk vir hul plaaslike omstandighede en die prosedures ter inligting van die gemeente;
- lidmate wat ingelig word oor die besluitnemingsproses en wat versoek word om by die kerkkantoor of skriba van die kerkraad met sekerheid vas te stel of hul belydende lidmaatskap in die gemeentelike register aangeteken is;
- stemming deur lidmate op die vasgestelde wyses en geleenthede, met die stemtelling in die teenwoordigheid van die ringsverteenwoordigers;
- ’n tweede amptelike kerkraadsvergadering waartydens kerkrade hul finale besluit neem;
- daardie finale besluit van die kerkraad wat vir ’n verdere twee Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê word; en
- waarna die kerkraad deur die ringsverteenwoordigers op die voorgeskrewe dokument (Bylaag) skriftelik aan die Sinode van Wes-Transvaal verslag lewer oor die verloop en uitkoms van die proses in die gemeente.

12.1.10.4. Hierdie verslag moet die sinodale kerkkantoor voor/op 01 April 2015 bereik.

12.1.10.5 April 2015: Afhandeling van die proses in die Wes-Transvaalse Sinode. Dit behels die verwerking van die terugvoer uit die gemeentes, kerkrade deur die ringsverteenwoordigers. Verslag word voorberei vir die SBK wat voor/op 31 Julie 2015 aan die kantoor van die Algemene Sinode besorg moet word.

12.1.10.6. Mei-Junie 2015: Hantering van besware (indien enige) van gemeentes en kerkrade deur die ringe of hul gevolmagtigde kommissies. Hantering van appèlle deur die Appélliggaam aangewys deur die Dagbestuur van die SBK op advies van die SRK. (Kerkorde 2014 – Bepaling 65.1)

12.1.10.7. 07 Mei 2015: Buitengewone Sinodesitting van die Sinode van Wes-Transvaal om ’n eie besluit(e) oor die Voorgestelde Artikel 1 van die Kerkorde te neem.

12.1.10.8. Verslag van die besluit(e) van die Sinode van Wes-Transvaal word daarna voorberei vir die SBK wat voor/op 31 Julie 2015 aan die kantoor van die Algemene Sinode besorg moet word.
GOEDGEKEUR

12.1.11. Prosedure vir stemming oor die moontlike wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde van die NG Kerk 2013, in Wes-Transvaalse Sinode **GOEDGEKEUR**

13. GROETEBOODSKAP
Prof Nelus Niemand namens die Algemene Sinode

14. VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID
Ds Fanie du Plooy hanteer die Verslag

14.1 BEDANKINGS
Ons hartlike dank aan die volgende persone en instansies:
Ons Hemelse Vader vir Sy liefde en elke oomblik se teenwoordigheid by elkeen van ons en Sy seëninge wat ons elke dag ervaar.
Die lede van die SKDB vir hul toewyding en erns waarmee die werk benader word en die ondersteuning wat aan die personeel gegee word.
Die direksie van NG Welsyn vir hul bekwame bestuur van die organisasie..
Die Sinode van Wes-Transvaal vir hul finansiële en morele ondersteuning.
Die Ringe en Gemeentes van Wes-Transvaal wat ons finansieel en geestelik ondersteun in die dienswerk waarmee ons almal saam besig is.
Die Hoofkantoor-personeel vir hul harde en getroue diens wat vanuit die kantoor gelewer word.
Die personeel van NG Welsyn vir die wonderlike wyse waarop elkeen sy taak verrig.

KENNIS GENEEM

15. VERSLAG VAN DIE SSK
Dr Grant du Plessis hanteer die Verslag

15.1 AANBEVELINGS
15.1.1 Dat die Sinode kennis neem van hierdie verslag. **KENNIS GENEEM**
15.1.2 Die Sinode is besonder dankbaar vir die groot werk wat in gemeentes gedoen word. . **KENNIS GENEEM**
15.1.3 Die Sinode versoek gemeentes om met hierdie werk te volhard. **KENNIS GENEEM**
15.1.4 Die Sinode is dankbaar vir die groot werk wat gemeentes en lidmate buite gemeentegrense wêreldwyd doen. **KENNIS GENEEM**
15.1.5 Die Sinode keur goed dat die SSK gemeentes besoek om die werk van die Sinode bekend te stel. **GOEDGEKEUR**
15.1.6 Die Sinode versoek gemeentes om die SSK te nooi om die werk van die Sinode in gemeentes bekend te stel. **GOEDGEKEUR**
15.1.7 Die Sinode neem kennis van hierdie verslag. **KENNIS GENEEM**
15.1.8 Die Sinode is besonder dankbaar vir die groot werk wat in gemeentes gedoen word. **KENNIS GENEEM**
15.1.9 Die Sinode versoek gemeentes om met hierdie werk te volhard. **KENNIS GENEEM**
15.1.10 Die Sinode is dankbaar vir die groot werk wat gemeentes en lidmate buite gemeentegrense wêreldwyd doen. **KENNIS GENEEM**
15.1.11 Die Sinode keur goed dat die SSK gemeentes besoek om die werk van die Sinode bekend te stel. **KENNIS GENEEM**
15.1.12 Die Sinode versoek gemeentes om die SSK te nooi om die werk van die Sinode in gemeentes bekend te stel. **KENNIS GENEEM**

16. DE JAGER-STEYN FONDS
Ds Nico van Rensburg lewer kortliks verslag

VIERING VAN AANTAL JARE IN BEDIENING 3: - LENTE (10 jaar en minder)
Ds Nico van Rensburg hanteer die vieringsgeleentheid en lees die name van die predikante wat 10 jaar en minder in die bediening is. Die vergadering sing die predikante Psalm 150:1 toe.

UITSLAG VAN DIE PREDIKANTE WAT AFGEVAARDIG IS NA DIE ALGAMENE SINODE:
Name van die Ouderlinge sal later bekend gemaak word.

Wesrand:
Ds Henk Gous as primarius met Gert Cordier as eerste sekundus en Jannie Pelser as tweede sekundus.

Platteland:
Ds Grant du Plessis as primarius met Curt du Bisson as eerste sekundus en Henk Botha as tweede sekundus.

Potch-Kosh:
Allewyn Burger as primarius met Johan Raubenheimer as eerste primarius en Fanus Hansen as tweede sekundus.

Vaaldriehoek:
Ds Joop de Jager as Primarius met Kobus Niemand as eerste sekundus en Sarel Marais as tweede sekundus

17. VERSLAG VAN STUDENTEBEDIENING
Ds. Enrico Cassalegio hanteer die Verslag en bedank die studente leraars vir hulle werk.
KENNIS GENEEM

18. VERSLAG VAN PREDIKANTE BEDIENING
Dr. Gert Cordier hanteer die Verslag en noem dat daar ‘n geweldige aantal predikante in die volgende paar jaar gaan aftree. **KENNIS GENEEM**

19. VERSLAG VAN GEMEENTEBEDIENING

19.1 Ds Irma Nel lewer Verslag oor die Vroue-lessenaar. **KENNIS GENEEM**
19.2 Ds. Jaco Schoeman lewer Verslag oor die Jeug. **KENNIS GENEEM**
19.3 Ds. Pieter-Nel Klopper lewer Verslag oor Gemeentebediening. Waarna Ds. Jana de Lange 'n spreekbeurt oor *Fresh Expressions* kry. **KENNIS GENEEM**

VOORSTEL 8

1. Die Sinode keur goed dat stemtellers nie afgevaardigdes van die sinode sal wees nie.
NA DIE SRK VERWYS
2. Die Sinode keur goed dat die stemlys van die afgevaardigdes eers reggestel sal word, voodat dit afgerol word en dat die stemprosedure sorgvuldiger verduidelik sal word en dat dit veral die kerkraadslede bekend gestel sal word. **GOEDGEKEUR**

VOORSTELLER: Dr S.J.L Marais
SEKONDANT: Ds JJ Redelinghuys

PERSONEEL:
SPG Blignout, Bloemhof, verlaat die vergadering met verskoning (16:00).
Ds Flippie Kotze en Pieter van Loggenberg, Schweizer Reneke Klipkerk, verlaat die vergadering met verskoning (16:00).

PERSONEEL: Jannie Pelser, Antoinette du Plessis, Giel Bezuidenhout, Wimpie Wasserman, Rant-en-Dal, verlaat die vergadering met verskoning. 16:45.

PERSONEEL:
Phillipp, VDBP-Noord, verlaat die vergadering met verskoning (17:00).
Johann Ekkerd, Schweize-Noord, verlaat die vergadering (17:00)

PERSONEEL: GJ Cloete, Kerk tussen die Mielielande, verlaat die vergadering met verskoning (17:15)

20. BEDANKINGS - Hannes de Kock
Dank aan God, die Gewer van hierdie gawes
Dank aan Ds Norma Rossouw;
Al die ander lede van die Dagbestuur;
Die Voorsitters van die verskillende bedieninge / aanbieders van die Verslae;
Ds Nico van Rensburg;
Hermien Bezuidenhout en Petro en ander dames;
Die hele Helikonparkspan vir voorbereidings;
Die tegniese span o.l.v Noel Schreuder en Coenie Calitz;
Elke afgevaardigde;
Elkeen wat dalk uitgelaat is

21. AFSLUITING
Ds Jaco Barnard lees Filippense 4:4 en Spreuke 17:22 en doen 'n gebed daarna.
Ds Neels de Jager lees Markus 2:18 ev en doen 'n gebed.
Die Vergadering sing Lied 532:1-3 waarna ds Gerhard Jansen van Rensburg die seën uitspreek.